

Geloof met geduld; Geduld in geloof!

Al is Psalm 88 een van die swaarmoedigste gebede in die Bybel, getuig dit van die digter se ware geloof in God se wondermag en verbondsliefde. Die psalmdigter het die grootste deel van sy lewe die bitterste smarte beleef, moontlik as gevolg van ernstige siekte of ander gebreke. Ons sien sy persoonlike verhouding met die Almagtige in hoe hy God aanspreek: “Here *my God* wat *my altyd* help, ek roep *elke dag* om hulp, *elke nag* bid ek tot U.” (Kursivering deur outeur.) Verder, al is hierdie psalm een van die somberste gebede in die hele Bybel, getuig dit van geloof! Dit getuig van die digter se biddende afhanklikheid van God (vergelyk Matt. 5:3) en sy totale vertroue op die ewige God alleen, die God wat getrou is aan sy verbondsbeloftes deur die eeue!

Die mens se sonde en die gevolge daarvan is die rede vir die pyn en tranes, die depressiewe gevoel wat ons soms of dikwels ervaar. Wanneer dit voel of dinge net verkeerd gaan in my huis, by die werk, my persoonlike lewe, my finansies, moet ek saam met die digter van Psalm 88 tot God bid: “Here my God wat my altyd help, ek roep elke dag om hulp, elke nag bid ek tot U.”

Paulus het verskeie male lyding ervaar. In 2 Korintiërs 1:8-9 sê hy: “Die swaar wat ons moes verduur, het ver bo ons kragte gegaan, sodat ons selfs die hoop om te bly lewe, laat vaar het. Trouens, dit het vir ons gevoel asof die doodsvonnis klaar oor ons uitgespreek is. Maar dit het gebeur, sodat ons nie op onself sou vertrou nie, maar op God wat die dooies opwek tot die lewe.”

Ons Here Jesus het bittere smarte en bange godverlatenheid gely, juis sodat ek en jy nooit daardie bittere smarte hoef te beleef nie. Hy het gesterf, is begrawe en het opgestaan – die dood oorwin – juis sodat die dood nie vir sy kinders ‘n verskrikking moet inhou nie! (Vergelyk 1 Kor. 15:54-58.) As Trooster laat die Heilige Gees ons saam met Paulus uitroep: “Om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe is vir my wins.” Laat ons in die geloof aan Hom vasgryp in alle omstandighede!

Sing: Ps 116:1, 2, 3, 4, 5

Ds Ockert Oosthuizen (Cullinan)